No: 44/2025

# Die Fontein

*Weekblad*

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA ANNLIN

**9 November 2025**

***Ligdraers in die wêreld – wat Christus aanbid, Hom bely, vir Hom getuig en in liefde ander dien!***

## *Oggenderediens - 08:30*
## *Aanderediens - 18:30*
## *Ds. Pieter Kurpershoek*

| | |
|---|---|
| Oggend: | ***Hoe lyk 'n geseënde lewe?*** |
| Skriflesing: | *Lukas 6:17-36* |
| Aand: | ***Ons bid kinderlik-afhanklik*** |
| Skriflesing: | *Jesaja 37:1-20* |
| Belydenis: | *HK: Sondag 45* |

*Kliek hier vir die volledige liturgie.*

## Kleuterbediening & Katkisasie

Gaan voort vanoggend.

## Teeskink

- Lizelle Dormehl (W38)
- Bets Arnold (W39)
- Bestuur

## Kollektes

Banke: *Diakonale Sorg*
Deure: *GKSA Sustentasie*

## Senior lidmate bediening

In ons gemeente het ons baie ouer broers en susters, wie se kragte minder word. Daarom wil ons hulle graag meer besoek, om hulle te bemoedig en te versorg. Maar ons wil ook soms byeenkomste vir hulle reël waartydens hulle saam ietsie van ons Here se liefde mag ervaar. Wil jy help om ons senior-lidmate te bedien? Kom gesels vanoggend saam na die erediens in die saal.

## Siekebesoekgroep

Elke week is daar weer van ons broers en susters wat in die hospitaal is of op langer termyn met hul gesondheid worstel. Daarom wil ons volgende Sondag, **16 November**, saam besin en beplan oor hoe ons hulle met Jesus se liefde kan dien. Kom gesels saam direk na die erediens!

## Katkisasie Afsluiting

Ons sluit die jaar af en begin die vakansie op 'n lekker noot. Kom versier Kersfeeskoekies saam met ons, **Sondag 16 November,** direk na die erediens in die saal.

## Verlof: Orrelis

Ons orrelis, Martie, is **9 November** met verlof. Ons sê baie dankie aan sr. Hanlie Roets wat ons met die orrel gaan begelei!

## Lief en leed: *Verjaarsdae*

| | | |
|---|---|---|
| Johan Myburg | 09 | 09 Nov. |
| Hanti Otto | 27 | 09 Nov. |
| Bets Muire | 15 | 10 Nov. |
| Fernando Reis | 12 | 10 Nov. |
| Amelia Loubser | 11 | 11 Nov. |
| Jean-Pierre Lubbinge | 20 | 13 Nov. |
| Suzette Mills | 28 | 13 Nov. |
| Petro van der Walt | 44 | 14 Nov. |



## Gebeure vir die week

| | | |
|---|---|---|
| So. 9 Nov | *07:45* | Gebedsbediening / *Klaslokaal* |
| | *08:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| | *09:45* | Katkisasie / *Klaslokale* |
| | *18:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| Ma. 10 Nov. | *19:00* | Bybelstudie: Jongmense / *Konsistorie* |
| Di. 11 Nov. | *09:30* | Bybelstudie: Seniors / *Konsistorie* |
| Wo. 12 Nov. | *15:00* | Kerkraad: Individuele gesprekke / Soos gereël |
| Do. 13 Nov. | *15:30* | Kerkraad: Terugvoer / *Konsistorie* |
| | *18:30* | Kerkraad: Terugvoer / *Konsistorie* |

## Lief en leed: *Siekes*

Graag bid ons vir:

- Elkeen van ons lidmate wat op langtermyn fisies en emosioneel met hul gesondheid worstel.
- Raymond Tredoux (W27) met sy behandeling.
- Marietjie Nortje (W14) wat vanuit die stepdown ontslaan is en tuis herstel.

## Kleuterbediening-afsluiting

Alle kleuters en hul gesinne word genooi om op **22 November @ 12:00** by **Villa San Giovanni's** saam die jaar af te sluit! Elkeen gaan hul eie pizza maak! (Onthou net, ouers betaal vir hul eie rekening.) As jy graag wil saamkom, kliek op **hierdie skakel** om jou teenwoordigheid te bevestig. As jy graag meer inligting verlang, kontak gerus vir **Liza Vosloo.**

## Ter Approbasie - Ouderlinge

Die volgende broers word ter approbasie as ouderlinge voorgehou:

- Johan van der Vyver (W5)
- Jan Minnie (W9)
- Wout Klomp (W15)
- Giepie van der Merwe (W16)
- Roel Beumer (W20)
- Gerhard van Wyk (W28)
- Tienie van der Walt (W29)
- Gordon Carver (W37)

Indien jy enige opmerkings het, kan jy dit skriftelik deurgee na ons skriba, br. Johan Potgieter, voor 23 November 2025.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Predikant** | Pieter Kurpershoek | **Tel** 012 543 1095 | **Sel** 083 641 6466 | **E-pos** pwk@axxess.co.za |
| **Kerkkantoor** | Clarissa Rehder | **Tel** 012 567 1492 | **Sel** 079 162 3453 | **E-pos** kerkkantoor@annlin.co.za |
| **Webwerf** | www.annlin.co.za | | **Facebook** Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin | |
| **Erediensopname** | *Kerkdienstgemist (Klank)* | *YouTube (Beeld en klank)* | | |